

## AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 10

6 - 10 Julie 2020

MAANDAG

Lees die storie 2 keer en beantwoord dan die vrae.



### **Die groot leeu en die klein muisie**

Eendag het 'n klein muisie per ongeluk 'n slapende leeu wakker gemaak. Die leeu het gegrom en gesê: "Jou klein snip! Hoe durf jy my wakker maak! Ek gaan jou eet!" Hy het die klein muisie se stert onder sy groot poot vasgetrap.

"Asseblief, meneer Leeu, ek is maar net 'n klein muisie. Moenie my eet nie, asseblief, ek is te klein. Die leeu het gegrom en gesê: "Ja, dit is waar. Jy sal skaars my maag volmaak."

"Baie, baie dankie, meneer Leeu," het die klein muisie gepiep. "Eendag sal ek jou help."

"Ha, ha!" het die groot leeu gebrul. "Hoe sal 'n klein muisie soos jy my ooit kan help? Ek is die koning van al die wilde diere. Sterk, groot en vreesloos. Ek kan myself help."

Maar, eendag toe leeu gaan stap, loop hy hom vas in 'n jagter se vangnet. Hy was vasgevang. "Help, help," het hy geskreeu. "Ek is vasgevang en ek kan die loskom nie!"

Die klein muisie het die leeu gehoor. Hy het dadelik na die vangnet toe gehardloop en gesê: "Ek sal jou help!" "Jy is te klein om my te help," het die leeu gegrom.

Die klein muisie het aan die vangnet begin knaag. Binne 'n japtrap het die klein muisie deur die net geknaag totdat net klein stukkie oorgebly het. Baie gou was die leeu uit, met 'n breë glimlag het hy gesê: "Jy is wel klein, maar wat 'n groot hulp is jy nie!"

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat het gebeur terwyl leeu geslaap het?
2. Nommer die volgende sinne in die regte volgorde van gebeure.

Jy is te klein om my te help	
Hoe durf jy my wakker maak!	
Jy kan skaars my maag volmaak	

3. Hoekom dink jy het die leeu gegrom?
4. Wat het leeu gedoen toe muis vir hom sê dat hy hom eendag sal help?
5. In watter soort moeilikheid het leeu beland?
6. Wie het vir leeu hoor skreeu? meerkat/ bobbejaan/muis
7. Hoe het muis vir leeu gehelp?
8. Wat het jy uit die storie geleer?
9. Gee vir die storie 'n ander naam

**DINSDAG**

**1. Lees die stuk 2 keer.**

Bernie is 'n haan met die mooiste grys en blou stertvere. Hy het op die plaas Groot Geluk gewoon en dit was sy werk om al die diere op die plaas wakker te maak. Bernie het net een probleem gehad. Hy het daarvan gehou om met sy mooi stertvere te pronk. Ongelukkig het die diere nie daarvan gehou as hy so vreeslik spog oor sy stertvere nie. Die klein varkies het toe 'n plan bedink en gooi hom toe in die

modderpoel. Die volgende oggend het die hele plaas verslaap want Bernie het nie gekraai nie. Almal het toe verslaap en so gebeur dit dat almal na hierdie haan soek. Skielik hoor Koei iets in haar stal, en sy roep al die diere om te kom kyk. Hulle kry toe vir Bernie in die hoekie waar hy wegkruip. Toe almal nader kom om te kom kyk jaag hy almal weg en sê hy wil alleen wees. Ou wagter die hond sien toe dat arme Bernie baie sleg lyk en vra toe wat gebeur het. Hy vertel toe aan hulle dat die klein varkies hom gegryp het en in die modder gegooi het. Nou is sy stertvere so vuil, hy kan nooit so op die plaas loop nie. Koei kry toe vir arme Bernie jammer en help hom om sy stert vere skoon te kry. Bernie het 'n goeie les geleer en het nooit weer oor sy stertvere gespog nie.

**Beantwoord die volgende vrae.**

1. Watter kleure is Bernie se vere?
2. Bernie het in die (stad / plaas) gebly.
3. Hoekom het Bernie weg gekruip?
4. Wat is die les wat jy uit die storie leer?
5. Nommer die gebeure in die regte volgorde

Koei kry toe vir arme Bernie jammer	
Hy het op die plaas Groot Geluk gewoon	
Almal het toe verslaap	

6. Gee 'n naam vir die storie.

**WOENSDAG**

1. Lees die stuk 2 keer deur.

## Kolwyntjies



Lanie en haar ouma hou daarvan om kolwyntjies te bak. Sy gaan kuier elke Saterdag vir haar ouma wat naby aan haar woon.

Ouma gebruik twee koppies meel, twee lepels botter, een eier, een koppie suiker en een koppie melk om die kolwyntjies te maak.

Lanie help om die deeg in 'n groot bak te meng. Sy meng eers die botter en die suiker, dan voeg sy die eier by en dan voeg sy die meel en die melk by.

Ouma gooi die deeg in 'n kolwyntjiepan en sit dit in die oond. Lanie meng die versiersuiker. Die versiersuiker proe baie soet.

Uiteindelik sit hulle die versiersuiker op die kolwyntjies. Daar is twaalf pragtige kolwyntjies.



### Beantwoord die volgende vrae.

1. Wie hou daarvan om koekies te bak?
2. Wat het hulle alles nodig om kolwyntjies te bak?
3. Die versiersuiker is (bitter / soet / suur)
4. Hoeveel kolwyntjies het hulle gebak?
5. Hou jy daarvan om kolwyntjies te bak? Ja / Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord
6. Wat is jou gunseling geur kolwyntjie?

## DONDERDAG

Toe Mamma 'n rukkie later in die kombuis kom, staan daar 'n bakkie met heerlike druiwekorrels wat die voëltjies in die boord gaan pluk het, heerlike soet aarbeie wat die endwurms uit die grond gegrawe het, vars neute wat die muis uit hulle spens gaan haal het, en sowaar twee heuning-beskuitjies wat Mila Muis se skoelappervriende by die eekhorinkies gaan vra het!

Dit was die lekkerste ontbyt wat Hendrik nog ooit gehad het, en Mamma en Pappa het nog lank gewonder hoe die heerlike kos dan in die bakkie beland het.

- deur A Ermm

Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat is die titel (naam) van die storie?
2. Wie is die hoofkarakter in die storie?
3. Waar woon Mila Muis?
4. Wat doen Mila soans as die mense slaap?
5. Maak 'n lys van alles wat Mila al gekry het om te eet.
6. Hoekom kan Mila niks kry om te eet nie?
7. Wat het Mila met haar spitsneusie geruk?
8. Waar het Mila die twee toebroodjies gekry?
9. Hoekom voel Mila nou sleg?
10. Mila het 'n plan beraam. Watter diertjies het haar gehelp en wat het elke diertjie gebring?
11. Wat is jou gunsteling soort kos?



## VRYPDAG

### 1. Lees die stuk 3 keer

Kom laat ek julle nou vertel  
van stories wat ek hoor  
van diere orals om ons heen  
kom lees hul oor en oor.

Die honde blaf  
die katte miaau  
die eende jaag die ganse -  
die leeu die soek  
'n groot vet bok  
die luiperd skuil in die kranse.

Die olifant spuit  
water oor sy rug  
en die apies swaai in die takke -  
die uile kyk  
hou alles dop  
en hiënas skree soos brakke.

Dis die diere op die plaas,  
die diere in die bos  
groot en klein is hulle daar  
en elkeen soek sy kos.

